**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

**Gert Kruger** het gister na Singapoer vertrek waar hy aan 'n kongres gaan deelneem.
**Suzie Kleyn** 082 575 1237 vertrek Saterdag vir drie weke saam met haar dogters op 'n reis na Europa. Veilige reis toegebid!

---

**HUWELIKSHERDENKINGS** Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe!

**Donderdag 25 Junie** is **Andries en Monique de Klerk** 10 jaar getroud en **Vrydag 26 Junie** is **Nelis en Dina Coetsee 44** jaar getroud. *Baie geluk aan die 2 egpare*.

In Julie is daar net een huweliksherdenking.

**Wynand en Elsje Serfontein** is 5 Julie **40** jaar getroud.

## *VAN ONS DIAKONIE*

Baie dankie aan Nico Spaumer wat ons kosvoorraad mildelik kom aanvul het. Dit word baie waardeer.

Die Diakonie se uitbetalings aan van ons lidmate het die afgelope paar maande ons inkomste oorskry en die Diakonie doen 'n beroep op ons lidmate om ons mildelik te ondersteun. Nie alleen met kos nie maar ook finansieel. Veral nou met die vakansies. Ons uitbetalings bly die selfde maar ons kollektes is minder vanweë die vakansies.

---

**DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS**

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. **Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 21 Sondag 21 Junie 2026
***Redakteur:*** **Rudy van der Spoel 082 864 4422**
**rudynell@jenny.co.za**

**Eredienste**: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis: Monica Peters, Brechtje Jooste** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste:**
**Ouderlinge:** Wyk 3 **Rynhardt Landman** en wyk 4 **Flip Mostert**
**Diakens:** Wyk 3 **Rudy van der Spoel** en 4 **Banie Nortjé**
**Teebeurt:** Wyke 5 & 6 **Ineke Bakker** en **Leané Landman**

## EREDIENSTE Beide dienste gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens 9:30, aanddiens 17:00 Eredienste ook per whatsapp**

---

**OGGEND** Baie welkom en baie dankie aan **Monica Peters** wat vanoggend vir ons die begeleiding waarneem. Ons waardeer u hulp!
**Woordbediening:** 1 Samuel 25. **Fokusvers:** 1 Samuel 25: 29.
**TEMA:** *Saamgebind in die bondeltjie van die lewendes by die HERE ons God.*
**Sing:** Psalm 121: 1, 2, 3; Psalm 150: 1, 2, 3; Psalm 86: 3, 8; Psalm 31: 1, 3, 12; Psalm 31: 4, 5, 17.
**Sing met meelewing:** Psalm 121: 4.

---

**EREDIENS om 17:00**
Baie dankie aan **Brechtje Jooste** wat vanmiddag weer vir ons die begeleiding sal waarneem. Ons waardeer dit dat u bereid is om uit te help!
**Woordbediening:** 2 Korintiërs 8:16-24.
**Fokusverse:** 2 Korintiërs 8:16-24. **Kerkorde:** Kerkorde, artikel 10.
**TEMA:** *Die beroep van 'n Woordbedienaar van een gemeente na 'n ander gemeente.*
**Sing:** Psalm 85: 1, 4; Psalm 81: 1, 2, 12; Psalm 147: 6, 7; Skrifberyming 10-2: 1; Skrifberyming 4-1 [1]: 3, 5.

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir die ***GKSA Sustentasiefonds***
**MIDDAG:** Diens van Barmhartigheid (BLOU) en Kerkkas (Rooi)
**Volgende week: Instituut Christelike Onderwys**

Hierdie **Op die Kerkwerf** is reeds weer die laaste van hierdie kwartaal. Die volgende ***Op die Kerkwerf*** verskyn op **Sondag 19 Julie 2026**.
Baie dankie aan al die medewerkers om die ***Op die Kerkwerf*** elke Sondag te laat verskyn

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL** Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**VOORBIDDING**

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Lourens du Plessis** het Maandag 'n besoek aan die ortopediese chirurg gebring, en hy sal op 1 Julie 'n operasie aan sy knie ondergaan. Een van Lourens se niere funksioneer ook nie goed nie, en hy ontvang nou medikasie daarvoor.

**Marinda Snyman** het die afgleope week katerakoperasies aan haar oë ondergaan.

**Ronel Erasmus** ondergaan Woensdag 'n operasie aan haar rug in die Unitas Hospitaal.

**André Joubert** het voortdurend las met sy suurstofvlakke.

**Ria Buys** ontvang palliatiewe sorg in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan.

**Kobus Mentz** het 'n geslaagde prosedure Donderdag ondergaan en is dieselfde dag ontslaan.



Ons is dankbaar dat **Flip Mostert** in sy kragte versterk word. Hy moet op 25 Julie weer 'n afspraak met die onkologiese span nakom waartydens verdere behandeling bespreek sal word.

**Lily Pretorius** se kragte verswak daagliks. Ons verseker Amanda, Deon en Cecila van ons voorbidding vir hulle.

**Willem Serfontein** het Maandag 'n geslaagde prosedure in die Donald Gordon Hospitaal ondergaan. 'n Gedeelte van sy maag is verwyder en ook vir biopsie weggestuur.

**Prof. Callie Coetzee** het in hierdie week 'n afspraak met die onkoloog op Klerksdorp waartydens die behandeling van die kanker bespreek sal word; daar sal waarskynlik dan ook al met behandeling begin kan word. Ons volhard ook in ons voorbidding vir **Susan** 079 506 5103 wat vroeg in Julie weer 'n buisruilingsprosedure moet ondergaan.

**Machteld van Aswegen** se gesondheid is die laaste tyd weer onder groot druk.

**Magrietha Pelser** is sedert verlede naweek ongesteld en was langer in die versorgingseenheid as wat ons Sondagmiddag in die afkondiging meegedeel het.

Ons doen voorbidding vir ons broers en susters wat in die onderskeie versorgingseenhede versorg word:

***Huis Eikelaan:*** Srs. Lily Pretorius, Mien Prinsloo, Emmarentia Stoop, Johanna van Vuuren, Ria Serfontein, Hermien van der Spoel, Ria Buys en Willie van der Walt.

***Ons Hulde:*** Sr. Rita Schutte. ***Groenwilgers:*** Sr. Annatjie Kruger.

***Huis Anna Viljoen:*** Brs. Peet Buys en Fanie Coetzee, srs. Nanna du Plessis, Jeanette Fourie, Ronnie van Tonder en Tienie Venter en Marinda Snyman.

*Daar is ook 'n aantal van ons broers en susters wat in die* ***dorp, die toringblok en simplekse van Huis Eikelaan*** *woon wat vanweë gesondheid en verswakking nie die eredienste kan bywoon nie:* sr. Ria Esterhuizen, sr. Cathrien de Jager, sr. Estie Duvenage, sr. Anna Havenga, sr. Suzie Marais, sr. Lettie Vorster, sr. Anneke Markgraaf, br. Bennie en sr. Wouna van der Berg, br. Jan Kroeze, br. Lappies en sr. Henna Labuschagne, sr. Lalie Venter.

**DANKBAARHEID**

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Di | 22/06 | | Huisbesoek: Huis Anna Viljoen | |
| Do | 25/06 | 10:30 | Bybelstudie, 2 Korintiërs | Ou Kerkie |
| So | 28/06 | 15:30 | Erediens Huis Eikelaan prof BJ de Klerk | Kapel |

| KATKISASIE | Sondag 26 Julie | Sondag 2 Augustus |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 13 (JvD) | Les 14 (RL) |
| **Laerskoolkatkisasie** | (RL) | (JvD) |
| **Lesrooster:**<br>**Psalmvers:**<br>**Heidelbergse Kategismus:**<br>**Memoriseerwerk** | 1 Samuel 3<br>Psalm 65: 2<br>Sondag 40<br>Eksodus 20: 14 | 1 Samuel15<br>Psalm 65: 2<br>Sondag 41<br>Eksodus 20: 15 |

**BYBELSTUDIE:**


U word hartlik uitgenooi om by enige van die Bybelstudiegeleenthede in te skakel:

Die Bybelstudie groep van **Donderdagoggende** kom weer om 10:30 bymekaar in die Klein Kerkie. Ons sal 2 Korintiërs 4 bestudeer. Die Bybelstudie by Huis Eikelaan staan oor tot verdere kennisgewing.

**WAT VAN 'N KOPPIE WARM TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?**

Die Susters van wyke 5 & 6 nooi
almal uit om na die erediens
'n koppie tee of koffie
in die kerksaal te kom geniet







## VERJAARDAE GEDURENDE VAKANSIE

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende die vakansie hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam & van |
|---|---|---|
| Ma | 22/06 | **Ruan du Plooy**. Wyk 1 |
| | | **Leana Mostert**. Wyk 5 |
| | | **Danika Nortjé**. Wyk 9 |
| Di | 23/06 | **Estiaan Engelbrecht (4).** Wyk 9 |
| Do | 25/06 | **Karel Marais (81)** . Wyk 4 |
| Vr | 26/06 | **Charlotte Henderson**. Wyk 7 |
| Sa | 27/06 | **Anna Havenga (89)**. Wyk 4 |

**Week 28 Junie - 4 Julie 2026**

| Dag | Datum | Naam & van |
|---|---|---|
| Di | 30/06 | **Salome Kruger**. Wyk 6 |
| | | **Mia Storm (1).** Wyk |
| Do | 02/07 | **Bets Chambers**. Wyk 4 |
| | | **Hennie Kruger**. Wyk 6 |
| Vr | 03/07 | **Marie du Preez**. Wyk 7 |
| Sa | 04/07 | **Carla van Heerden (1).** Wyk 9 |

**Week 5 Julie – 11 Julie 2026**

| Dag | Datum | Naam & van |
|---|---|---|
| So | 05/07 | **Gideon Wentink**. Wyk 3 |
| Do | 09/07 | **Attie Viljoen**. Wyk 3 |

**Week 12 Julie – 18 Julie 2026**

| Dag | Datum | Naam & van |
|---|---|---|
| Di | 14/07 | **Ria Esterhuizen**. Wyk 1 |
| Wo | 15/07 | **Marié Badenhorst (89)**. Wyk 11 |
| | | **Annatjie Slabbert**. Wyk 5 |
| Vr | 17/07 | **Gert Kruger**. Wyk 1 |
| | | **Johan Markgraaf (81)**. Wyk 6 |
| Sa | 18/07 | **Geert Stoop**. Wyk 9 |